Tjokkie WEEKBLAD

18 September 2026 Uitgawe: 9/3/2026

## UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van nog ‘n besige kwartaal. Ek glo almal slaak ‘n sug van verligting om net bietjie asem te kan skep. Dit is egter ‘n kort vakansie met ‘n baie kort maar steeds vol vierde kwartaal wat voorlê.

Daar is egter vir sommige van ons leerders en personeel min kans vir rus, aangesien Tjokkies gedurende die vakansie twee kriekettoernooie aanbied. Baie sterkte aan ons o/11 en o/13 krieketspanne wat hul vaardighede gaan gebruik om die opponente te klop.

**Musiekaande:**

Baie dankie aan ons Musiekdepartement en al die musiekleerders wat gesorg het vir twee aande se heerlike vermaak waar leerders hul talent kom uitstal het. Dis lekker om te sien dat Tjokkies ’n gebalanseerde skool is waar sport, kultuur en akademie hoogty vier. Ons is voorwaar trots op elke leerder wat so in die stilligheid hard oefen om hul talente verder te ontwikkel.

Eerskomende Dinsdagaand tree ons Pom-poms en Revue-groep op by Curro se Revuefees. Dit is die perfekte afsluiting vir ‘n baie goeie kultuur-kwartaal. Dankie aan die afrigters wat nou nog hard oefen vir hierdie geleentheid.

## ANDER


**Personeelsake**

Baie geluk aan Juf. Sue-Ann Kruger (Gr. 2) en haar man Tiaan met die geboorte van hulle babadogtertjie Donderdag. Mag julle haar baie geniet.

Baie geluk aan juff. Himke (Gr. 1) en Anika (Kleuterkool) wat hierdie naweek in die huwelik tree.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 21 Sept.: | Eunice “Night gala” |
| 22 Sept.: | Curro Revuefees |
| 23 Sept.: | Skool sluit om 10:00 |
| 24 Sept.: | Erfenisdag – Lekker braai |
| 26-30 Sept.: | Voortrekker Gebiedskamp |
| 28-30 Sept.: | o/11 Kriekettoernooi |
| 1-3 Okt.: | o/13 Kriekettoernooi |
| 6 Okt.: | Skole heropen |



# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 26 Sept.: | Juf. Christelle Swart (Gr. RR) |
| 1 Okt.: | Mnr. Johan Visser (Gr. 5) |
| 3 Okt.: | Juf. Hanlie van Dyk (Gr. 5) |

# MAMMAS WAT BID

**Hoe lyk jou tuin?**

**HOSEA 10:12 AFR83 & NLV**

[12] Ek het gesê: “Saai volgens my wil, en julle sal my liefde oes. Ploeg vir julle 'n nuwe land! Dit is nou die tyd om na my wil te vra sodat Ek kan kom en weldade oor julle uitgiet.”

[12] Ek het gesê: ‘Saai die goeie saad van geregtigheid en julle sal ’n opbrengs van my liefde oes. Ploeg die nuwe grond van julle harte, want dis nou die tyd om die Here te soek sodat Hy kan kom en geregtigheid oor julle uitstort.’

Die profeet Hosea roep die Israeliete om terug te keer na God en hul vertroue in Hom te sit. Hulle harte was soos droë grond; hard teenoor die Here en het op hul eie vermoëns staatgemaak.

Met lente in die lug, vakansie wat nader kom en die bedrywige roetines wat bedaar, is dit dalk ook tyd vir ploeg en tuinmaak.

Onbewerkte grond raak hard en droog en onvrugbaar. Miskien in die bietjie stilwees van vakansie is dit nou die tyd om die Here te soek en om "nuwe grond van ons harte te ploeg" sodat ons Sy wil kan saai. God belowe dan ‘n oes van Sy troue liefde en guns wat Hy oor ons sal reën.


UNIVERSITAS
NET MY BESTE
SUPER-TJOKKIES
KERMIS 2026
VROEË TJOKKER-PAKKET
SLEGS
R130
PER KIND
SLUIT DIE VOLGENDE IN:
Toegang tot die GIANT BOUNCE GOTHAM INFLATABLE-STASIE
Speeltyd van 09:00–14:00
21–30 SEPTEMBER
Moenie die slapende hero wees nie—
SPRING GOU!
Kaartjies beskikbaar op Karri
Enige navrae: Estèe 084 36 86 190
EVERY TJOKKIES HERO
GIVES IT'S BEST!

## SNUFFELS



'n Schink Stories vertoning vir kinders
KINDERTEATER PRODUKSIES | CHILDREN'S THEATRE PRODUCTIONS
SCHINK STORIES
www.schink.co.za
Die Skepper se tuin
Geskryf deur Martin Schwella
Verwerk vir die verhoog deur C W Laten
26 SEPTEMBER 2026
09H00 & 11H00
BY DOXA DEO BLOEMFONTEIN SUID
KAARTJIES R 50
SCHINK STORIES
www.schink.co.za
Kaartjies beskikbaar op
web tickets